# Oosie-gedragskode onderneming

**GEDRAGSKODE**
Die gedragskode is die stel reëls en waardes wat rigting gee aan hoe ons leerders hulself by die skool en in die breër gemeenskap moet gedra. Dit beskryf wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is – soos hoflikheid, respek, netheid, stiptelikheid en verantwoordelikheid.

**GEDRAGSKODE IN PRAKTYK**
Die gedragskode in praktyk beteken hoe hierdie reëls daagliks toegepas en uitgeleef word. Dit gaan nie net oor wat op papier staan nie, maar oor hoe leerders hul gedrag aanpas om by die waardes van Oos-Moot in te pas – of dit nou in die klaskamer, op die sportveld of tydens buitemuurse aktiwiteite is**.**

**WETLIKE VEREISTES**
Ingevolge *Artikel 8(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996*, word geen leerder vrygestel van die verpligting om die skool se gedragskode te gehoorsaam nie. Hierdie verpligting geld ongeag enige ander bepalings in die wet.

**OUERLIKE VERANTWOORDELIKHEID**
Volgens *paragraaf 6 van die Nasionale Riglyne vir die Oorweging deur Beheerliggame in die Aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerders*, rus die **primêre verantwoordelikheid vir 'n leerder se gedrag by die ouer of voog**.

Daar word van ouers/voogde verwag om die skool in die toepassing van sy gedragskode te ondersteun en toe te sien dat die leerder:

- alle skoolreëls;
- die bepalings van die gedragskode;
- beleide; en
- skoolregulasies nakom.

Ouerlike verantwoordelikheid sluit ook in dat ouers aanspreeklik gehou kan word vir enige wangedrag aan die kant van hul kinders.

**KENNIS VAN DIE GEDRAGSKODE EN SKOOLBELEIDE**
Gebrek aan kennis oor die inhoud van die Gedragskode is **geen verskoning vir enige vorm van wangedrag nie**. Leerders en ouers/voogde het die verantwoordelikheid om hulself deeglik te vergewis van die bepalings van die kode asook ‘n aantal belangrike **beleidsdokumente** wat die raamwerk vorm vir goeie orde en samewerking. ***Beleidsdokumente is beskikbaar op die skool se webwerf onder www.oos-moot.co.za/Wie is ons/Dokumente/Beleide.***

**DEELNAME AAN SKOOLAKTIWITEITE IS ’N VOORREG, NIE ’N REG NIE**
Let asseblief daarop dat deelname aan sekere skoolaktiwiteite geweier kan word indien 'n leerder:

- hom-/haarself aan wangedrag skuldig maak, of
- nie deelneem aan verpligte skoolaktiwiteite wat gedurende skoolure plaasvind nie (soos byvoorbeeld Interhuis of die Swemgala). Die finale beslissing in dié verband berus by die skoolbestuur.

  **Voorbeelde van sodanige aktiwiteite sluit in (maar is nie beperk nie tot):**
  - Interhoër
  - Sport- en/of kulturele aktiwiteite
  - Sokkies en ander sosiale geleenthede
  - Veldskool
  - Meriete-uitstappies
  - Matriekafskeid
  - Boogstapseremonie en/of Matriekerediens

**GRAAD 12-LEERDERS SE GEDRAG**
Die gedragskode geld vir álle Oosie-leerders, ook vir matrikulante. Omdat graad 12 die finale skooljaar is, is daar beperkings op die toepas van strawwe soos debietstelsels of opgeskorte uitsettings. Daarom kan regstellende maatreëls anders hanteer word.

Matrikulante wat ernstige of herhalende wangedrag toon, kan aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp word.

Selfs al het die leerder ‘n eksamensentrumnommer, bly die skool se gedragskode op hom/haar van toepassing.

Sanksies wat oorweeg sal word, sluit in:

- Die ontneem van sekere voorregte, soos deelname aan funksies, seremonies, byeenkomste of sport.
- Indien die leerder se gedrag die skool ernstig ontwrig en geen verbetering toon nie, kan die leerder verbied word om verder die skool by te woon. Slegs die eksamen sal dan by die skool geskryf mag word.
- Leerders wat die eksamenproses ontwrig, mag versoek word om dit elders te skryf via die Departement van Onderwys.

Hoewel die skool elke leerder tot sukses wil lei, moet ander leerders se reg op onderrig beskerm word. Gepaste optrede sal dus geneem word om orde en respek binne die skoolgemeenskap te handhaaf.

**OPTREDE BY OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE**
'n Oosie weet elke oortreding het gevolge. Dissipline is 'n opvoedkundige hulpmiddel wat die belange van leerders, die skool en die gemeenskap beskerm.

Die dissiplinêre stelsel help om probleme vroeg te identifiseer, aan te spreek en verbeterings te monitor. Oortredings word aangeteken, debiete word gekonsolideer en bly kumulatief.

Elke nuwe jaar begin 'n leerder met 'n skoon rekord, maar die dissiplinehoof mag vorige punte terugstel indien daar nie duidelike gedragsverbetering is nie.

Die dissiplinêre kantoor, topbestuur en die beheerliggaam se dissiplinêre komitee hanteer dissiplinêre sake.

## Oosie-gedragskode in praktyk (Skoolreëls)

Oosie-gedragskode (Skoolreëls)
(Soos goedgekeur deur die hoof en beheerliggaam op 24 April 2025)

**1. Afwesigheid**

- Slegs toegelaat by siekte of ernstige omstandighede.
- Ouers stel graadvoog **voor 07:00 op die dag van afwesigheid** per WhatsApp of e-pos in kennis.
- By afwesigheid van 3 dae of meer:
  - ❖ **moet 'n geldige sertifikaat** (medies, hofbevel, of doodsertifikaat van 'n nabye familielid),
  - ❖ **so gou moontlik, maar**
  - ❖ **nie later as die eerste dag van terugkeer nie**, by die graadvoog/voogonderwyser ingehandig word.
- By gemiste toetse/eksamens/SBA/PAT moet die graadvoog voor 07:00 op die dag van afwesigheid per WhatsApp of e-pos in kennis gestel word en:
  - ❖ **moet 'n geldige sertifikaat** (medies, hofbevel, of doodsertifikaat van 'n nabye familielid)
  - ❖ **so gou moontlik, maar**
  - ❖ **nie later as die eerste dag van terugkeer nie**, by die graadvoog/voogonderwyser ingehandig word — anders volg 'n nul.
- 10 dae of meer se afwesigheid sonder toestemming kan tot deregistrasie lei.
- Ongemotiveerde afwesigheid = skoolontduiking.
- Sieketoetse moet so gou moontlik ingehaal word. Die graadvoog reël dit met die onderwyser en ouer.
- Geen toets mag vroeër of later op dieselfde dag geskryf word nie.
- Leerders is self verantwoordelik om gemiste werk in te haal.
- Geen deelname aan sportwedstryde as 'n leerder die dag voor, of die oggend van 'n sportaktiwiteit se wedstryd afwesig was nie. Die leerder mag ook nie die volgende dag afwesig wees nie.

**2. Akademie**

'n Oosie:

- Kom pligsgetrou sy/haar akademiese verpligtinge na.
- Doen huiswerk self en volledig.
- Volg klasetiket: wag vir groet, neem boeke uit, sit tas onder stoel.
- Geen ontwrigting, selfone of eet/drink/onnodige praat in klasse nie.

**3. Alkoholiese drinkgoed en/of gewoontevormende middels**

'n Oosie leef met integriteit en bly weg van alkohol en gewoontevormende middels.

- Die skool het die reg om leerders te toets, by redelike vermoede, sonder om ouers vooraf in kennis te stel.
- Positiewe resultate kan lei tot onmiddellike tydelike skorsing (5 tot 7 skooldae), dissiplinêre verhoor, verdere skorsing of moontlike uitsetting.
- Enige persoon wat die gedragskode of beleid oortree, kan volgens wetlike maatreëls gestraf word.
- Besoekers wat nie die beleid nakom nie, sal nie toegang tot die perseel kry nie.

**4. Beskadiging van eiendom**

'n Oosie wys respek deur:

- nie te krap op banke, stoele, mure of tasse nie; en
- nie sy/haar tas op skoolbanke of meubels in die voorportaal van die skool te plaas nie om beskadiging te voorkom.

'n Leerder en sy/haar ouers/voogde neem verantwoordelikheid vir skool- en ander leerders se eiendom wat per ongeluk deur die leerder beskadig is.

**5. Boelie**

'n Oosie het selfrespek, integriteit en respekteer ander.
<u>Verbale boelies</u>: knou ander af deur dit wat hulle sê, bv. laster.
<u>Nie-verbale boelies</u>: knou ander fisiek af, bv. skop, stamp en slaan.
<u>E-boelies</u>: tas ander se karakter en/of selfbeeld aan deur middel van elektroniese media, soos sosiale media.

Wat behoort jy van boelies te weet?

- Alle vorme van boelie is onaanvaarbaar.
- Boelies het geen respek vir hulle medemens nie.
- Boelies kan seuns OF meisies wees.
- Boelies het hulp nodig.
- Die boelie het die probleem, nie jy nie.

Maniere om boelies te hanteer

- Moenie aan die boelie se eise toegee nie. Dit sal hom/haar slegs aanspoor om jou weer te boelie.
- Jy mag jouself op die regte manier verdedig, maar kyk gerus na die volgende wenk om jouself teen boelies te beskerm:
  - ➢ Rapporteer die boelie deur 'n persoon in 'n gesagsposisie in jou vertroue te neem of op die **HEROES ANONYMOUS** *APP van die skool*. (Sien leerderdagboek binneblad)
  - ➢ Iemand wat selfvertroue uitstraal, skrik potensiële boelies gewoonlik af.
  - ➢ Iemand wat altyd alleen staan, se kans is groter om 'n boelie se teiken te word as iemand wat in 'n groep staan.

- Wees selfversekerd, verdedig jouself op ’n kalm, dog positiewe wyse en weerhou jouself van enige aksie wat van die boelie die slagoffer kan maak.

**6. Buitemuurse aktiwiteite**

- ’n Oosie is ’n lojale ambassadeur van die skool en handhaaf altyd goeie gedrag – by die skool én tydens alle aktiwiteite daarbuite.
- Wanneer aan buitemuurse aktiwiteite deelgeneem word, onderskryf ’n Oosie die gedragskode en die toepaslike reëls van die betrokke aktiwiteit.
- ’n Oosie neem met ywer deel, tree altyd respekvol en vriendelik op, en dra met trots die naam en beeld van die skool uit.

**7. Eerlikheid**

’n Oosie:

- Is altyd eerlik: geen vervalsing van handtekeninge, name of verklarings nie.
- Geen afskryf of bedrog in assesserings nie.
- Meld enige onwettige/gevaarlike gedrag anoniem aan (Heroes Anonymous).

**8. Eksamen- en toetsreëlings (leerders)**

- Alle leerders moet tydens die eksamen elke dag by die skool wees.
- Maak seker op watter dae vraestelle geskryf word.
- Vergunnings kan nie gemaak word om vraestelle op ander dae te skryf indien ’n leerder ’n datum verkeerd gehad het nie.
- In die geval waar ’n leerder tydens eksamens/toetse/PAT afwesig is sonder ’n geldige sertifikaat (medies, hofbevel, of doodsertifikaat van ’n nabye familielid) sal die leerder ’n nulpunt ontvang.
- Slegs geldige/wettige afwesighede sal die geleentheid gegun word vir ‘n sieketoets. Die datum vir dié toets sal deur die graadvoog aan die ouer en leerder gekommunikeer word.
- GEEN leerder sal toegelaat word om gedurende die dag uit te teken nie.

<u>Prosedures tydens eksamens en toetse</u>

- Maak seker dat jy reeds voor die aanvang van die sessie klaar badkamer toe gegaan het.
- Leerders tree ALFABETIES buite die klas aan, en sit in die lokaal soos deur die onderwyser bepaal.
- Indien ‘n leerder in die verkeerde wisselklas aanmeld, moet hy na sy korrekte klas gaan om daar te gaan skryf.
- Voordat vraestelle uitgedeel word, moet dit doodstil in die klas wees.
- Wanneer vraestelle uitgedeel word, is dit “penne neer”.
- Wanneer vraestelle gekontroleer word, is dit “penne neer”.
- Alle leerders begin gelyktydig skryf.
- As daar nie ‘n horlosie in die klas is nie, sal die onderwyser die tye kort-kort op die bord skryf.
- As daar 'n fout op die vraestel is, en daar is geen *errata* nie, gaan bloot voort met die beantwoording van die vraestel. Nommer soos foutiewe numering in die vraestel. Daar sal memo-aanpassings gemaak word, indien nodig.
- Leerders sal 10 minute voor die einde van die vraestel ingelig word.
- Items (bv. slimhorlosies) wat ingeneem word, sal na die tyd weer uitgedeel word. Geen leerder mag die lokaal verlaat voor alle items nie uitgedeel is nie.
- As tyd verby is, is dit PENNE NEER vir ALMAL! NIEMAND mag verder skryf nie.
- Geen verbale of nie-verbale kommunikasie nie.
- Alle vraestelle en antwoordstelle moet ingehandig word.
- Leerders moet ordelik verdaag.
- Indien jy afwesig is vir ‘n toets/eksamen/SBA/PAT moet die graadvoog voor 07:00 op die dag van afwesigheid per WhatsApp of e-pos in kennis gestel word en:
  - moet ’n geldige sertifikaat (medies, hofbevel, of doodsertifikaat van ‘n nabye familielid)
  - so gou moontlik, maar
  - nie later as die eerste dag van terugkeer nie, by die graadvoog/voogonderwyser ingehandig word — anders volg ’n nul.

<u>Dissipline tydens eksamens en toetse</u>

- Alle voorkomsreëls, soos in die leerderdagboek uiteengesit, geld ook gedurende die eksamentydperk.
- Leerders moet vir die volle duur van die vraestel en studiesessie in die lokale bly.
- Geen leerder sal toegelaat word om ‘n vraestel op ‘n ander tyd te skryf nie.
- Graad 8 en 9 leerders wat die studiesessie ontwrig word uit die betrokke eksamenlokaal verwyder en na die dissiplinêre kantoor gestuur. Dié leerder sal dan eers om 12:00 begin skryf wanneer die ander leerders reeds verdaag het. Die betrokke leerder mag dan eers om 14:00 verdaag. Enige ongerief wat vir die ouer veroorsaak word as gevolg van die leerder se wangedrag, is ongelukkig die ouer se verantwoordelikheid.

<u>Ongerymdhede tydens eksamens en toetse</u>

- Doelbewuste bedrog in enige toets of eksamen, of plagiaat deur enige leerders, word baie ernstig opgeneem. Dit maak deel uit van die opvoedingsproses om te verseker dat leerders die etiese implikasies van plagiaat en bedrog verstaan.
- Dit is ook belangrik om leerders bewus te maak van die implikasies van doelbewuste oneerlikheid binne die raamwerk van die skool se etos. Dit staan bekend as 'n onreëlmatigheid wat deur die leerder uitgevoer word om doelbewus/onopsetlik 'n onregverdige voordeel in enige toets of eksamen oor enige ander leerder te probeer verkry.
- Hierdie onreëlmatighede word na die Skool Assessering Onreëlmatigheidskomitee (SAOK) verwys. Ons verwys ook na die skool se beleid ten opsigte van Ongerymdhede tydens Toetse en Eksamens.
- Sien ook die Beleid vir Ongerymdhede.

<u>Wat nie toegelaat word in die toets/eksamenlokaal nie:</u>

- Geen tasse en sakke tydens die skryf van ‘n vraestel nie.

- Geen serpe, warmwatersakke, komberse of kussings nie.
- Geen selfone /slimhorlosie/ oorfone/ earpods of enige elektroniese toerusting by leerders nie.
- Selfone moet afgeskakel wees, en nie net op "silent" wees nie.
- Geen notas of aantekeninge by leerders nie.
- Slegs pennesakkies of penneblikkies wat volkome deursigtig is.
- Sakrekenaars se dekseltjie moet afgehaal word en onder die leerder se stoel geplaas word vir die volle tydsduur van die vraestel.
- Geen verbale of nie-verbale kommunikasie mag tussen leerders plaasvind vandat die eerste vraestel of foliopapier uitgedeel is, totdat die laaste antwoordstel en vraestel ingeneem is nie.
- Geen op- of aanmerkings mag gemaak word tydens die deurgee van *errata* nie.
- Niemand vra 'n vraag hardop terwyl leerders vraestelle voor hulle het nie.
- Geen penne in die hand tydens die 5 of 10 minute leestyd vir vraestelle nie.
- Jy mag NIKS by of vir enigiemand leen nie (bv. sakrekenaar, liniaal, uitveër ens.).
- Die onderwyser mag nie 'n vraag aan jou verduidelik nie.
- Geen flaterwater (*Tipp-Ex*) of uitveebare penne mag gebruik word nie.
- Kleurpenne of glimpenne (highlighters) mag nie op die antwoordstel gebruik word nie (mag slegs op die vraestel gebruik word).
- Geen eetgoed of water word toegelaat nie, tensy 'n mediese toestand met 'n doktersbrief gestaaf word. Dan word slegs 'n deurskynende bottel toegelaat, waarvan die inhoud gesien kan word.
- Leerders word nie toegelaat :
  - ❖ om tydens 'n 1 of 2-uur vraestel badkamers toe te gaan nie,
  - ❖ ook nie as hy/sy klaar geskryf het nie
  - ❖ **slegs in hoogs uitsonderlike gevalle** tydens die middelste uur van 'n 3-uur vraestel, of tydens die middelste halfuur van 'n 2.5-uur vraestel.
- Leerders mag nie op hul arms lê as hulle klaar is met 'n vraestel nie.
- Leerders mag nie vroeër verdaag as hulle vroeër met die vraestel klaargemaak het nie.
- Leerders mag glad nie verbaal of nie-verbaal kommunikeer voordat al die antwoordstelle ingeneem is nie.

**9. Gedrag**

'n Oosie:
- Tree met selfrespek, integriteit en respek teenoor ander op.
- Vermy openbare liefkosing, boelie, bende-aktiwiteite en onvanpaste sosiale media.
- Handhaaf 'n positiewe beeld van die skool.
- Geen vorm van BOELIE word geduld nie.

**10. Gesagstrukture**

'n Oosie erken en respekteer alle gesagstrukture van die skool, insluitend:
- die Klasleiers of Verteenwoordigende Leerderraad (VLR);
- Matriekraad;
- personeel; en
- beheerliggaam.

**11. Haatspraak, seksisme, rassisme en antisosiale gedrag**

'n Oosie toon respek aan ander en maak hom/haar nie skuldig aan enige vorm van haatspraak, seksisme of ander anti-sosiale gedrag, hetsy direk of indirek nie.

**12. Klas verlaat / Klasontduik**

'n Oosie:
- Verlaat klas slegs met toestemming, 'n stoepstapper en sy/haar leerderdagboek.
- Meld betyds vir toesigklasse aan en by die korrekte toesigonderwyser.
- Besoek nie die kafeteria tydens klasperiodes nie (nie eers op versoek of met die toestemming van personeel nie).
- Besoek nie sluitkassies tydens klasperiodes nie.

**13. Klaswisseling**

'n Oosie:
- Beweeg vinnig tussen klasse.
- Meld by nuwe klas aan voor badkamergebruik.
- Besoek die kafeteria slegs voor skool, pouse en na skool.

**14. Kommunikasie met leerders**

- Elke Oosie het 'n skool e-posadres wat hoofsaaklik vir kommunikasie ten opsigte van die skool se e-leer platform (Google Classroom) gebruik word en vir die ontvangs van die skool se nuusbriewe.
- Buiten die skool se normale kommunikasiekanale kommunikeer die graadvoogde deur middel van die klasleiers (VLR – Verteenwoordigende Leerderraad) belangrike inligting op WhatsApp-groepe na die leerders (graad 10 tot 12).
- Afkondigings word daagliks voor skool, pouse en aan die einde van die dag in die klasse gedoen.

**15. Kommunikasie met ouers**

'n Oosie met integriteit oorhandig alle geskrewe kommunikasie van die skool aan sy/haar ouer/voog. Indien dokumente voltooi en na die skool teruggestuur moet word, word dit so gou moontlik, verkieslik die volgende dag aan die klasvoog terugbesorg.

- Kommunikasiekanale vir inligting van die skool is:
  - ➢ Nuusbrief – weeklikse elektroniese nuusbrief via die d6 Connect-toepassing aan ouers en leerders.
  - ➢ E-posse en kennisgewings vir spesifieke boodskappe via die d6 Connect-toepassing.

- SMS'e via die d6 Connect-toepassing.
  - WhatsApp-boodskappe gestuur deur die onderskeie grade se graadvoogde. ʼn Oosie se ouers word uitgenooi om enige probleem via die graadvoog met die skool te kommunikeer.
  - Skool se Facebook-blad vir nuus en foto's van gebeure.
  - Skoolwebtuiste vir algemene inligting en dokumente.
- Rapport − vier keer ʼn jaar word ʼn Oosie se ouers oor sy/haar akademiese vordering ingelig wanneer ʼn rapport aan die ouers gestuur word.
- Meriete-rapporte − wat ouers inlig oor die leerder se gedrag, word saam met rapporte uitgestuur.
- Oueraande
  - Algemene inligtingsaande (begin van jaar)
  - Na ontvangs van rapporte, om die leerders se vordering te bespreek.

***Belangrik***: *Ouers word versoek om die skool ingelig te hou ten opsigte van die verandering in hul kontakbesonderhede om te verseker dat hul kommunikasie van die skool ontvang.*

**16. Motors, motorfietse en fietse**

- Slegs bestuurders met ʼn geldige bestuurslisensie wat in besit is van ʼn parkeerskyfie deur die skool uitgereik, word in die skoolterrein toegelaat.
- Fietse en ander voertuie moet op die aangewese plekke op die skoolterrein geparkeer word.
- Spoedbeperking: 20km/h.
- Oortredings lei tot verlies van parkeerregte.

**17. Netheid van die terrein en omgewing**

Dit is vir ʼn Oosie ʼn saak van lojaliteit om:

- 'n klas skoon en netjies te hou;
- te help om die skoolterrein, geboue en apparaat netjies te hou; en
- nie enige graffiti op die skool se eiendom, apparaat, leerder- en personeeleiendom aan te bring nie.

**18. Opening**

ʼn Oosie:

- Is betyds op die aangeduide plek.
- Let op, neem deel en tree gepas op.
- Geen eet, drink, selfone of leerwerk tydens opening nie.

**19. Rook of in die teenwoordigheid van rokers**

ʼn Oosie bewys sy/haar integriteit en lojaliteit deur:

- nie in skooldrag op die terrein of by skoolfunksies te rook nie;
- nie vuurhoutjies, tabak, sigarette, aanstekers, elektroniese rooktoestelle of nikotiensakkies skool toe te bring of in besit te hê nie;
- nie saam met of in die teenwoordigheid van iemand wat rook te wees nie, omdat dit die gesondheid van hom/haarself en ander benadeel.

Die oortreding van hierdie reëls sal lei tot 'n dissiplinêre proses:

- Eerste oortreding: skorsing vir 3 dae en 'n verhoor voor die Topbestuur.
- Herhaling: 'n BL-verhoor.

**20. Selfone en elektroniese toestelle**

- Selfone word afgeskakel sodra die skool begin om 07:25 en mag nie sigbaar wees nie.
- Selfone wat gedurende skoolure sigbaar is, of lui (selfs alarms) word gekonfiskeer.
- Selfone word eers ná skool aangeskakel.
- Geen oorfone of earpods word gedra nie.
- Geen klanktoestelle of "boombox" mag gebruik word nie, tensy spesifiek gereël.
- Die skool ontmoedig die aanskaf en gebruik van slimhorlosies ten sterkste.

Reëls vir selfoongebruik:

- Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore of gesteelde selfone nie.
- Geen selfoon mag gebruik word om skoolreëls te omseil nie.
- Oortreding van reëls sal lei tot:
  - Negatiewe vermeldings.
  - Konfiskering van die toestel vir 5 skooldae.
  - R100 stoorgeld.
  - Gekonfiskeerde selfoon kan slegs deur ouers, met betaling van die stoorgeld, tydens skoolure afgehaal word.
  - In die geval van dispute sal die skool se kamerastelsel aangeword word om uitsluitsel te verkry.
  - In die geval waar leerders se selfone tydens klastyd op die kamerastelsel sigbaar is, aanvaar ons dat hul, hul selfoon gebruik het en sal hul selfone gekonfiskeer word, al is dit na die tyd.

Tydens toets- en eksamentye:

- Selfone, slimhorlosies, tablette en oorfone moet in ʼn tas voor/agter in die lokaal geplaas word vir die duur van die toets/eksamen/SBA's – ongeag of die leerder daardie tyd skryf of nie.
- Toesighoudende personeel neem nie verantwoordelikheid vir enige elektroniese toerusting nie.
- Slimhorlosies moet tydens enige toetse/eksamens/assesserings afgehaal en gebêre word.
- Toestelle mag nie aan die leerder se lyf, arm of klere wees nie.
- Besit van sodanige toestelle tydens ʼn assessering word as oneerlikheid beskou, selfs al is dit afgeskakel.
- Die leerder sal volgens die skool se gedragskode, Ongerymdheidsbeleid én Departement van Onderwys se beleid vir eksamenbedrog hanteer word.

**21. Siekte en/of besering tydens skoolure:**

ʼn Oosie is gedissiplineerd daarom;

- bel hy/sy nie self sy ouer/voog wanneer hy gedurende skoolure beseer of siek word nie;
- vra hy/sy gedurende klastyd toestemming van die klasonderwyser om na die graadvoog en/of kantoor te gaan waarna die korrekte prosedure gevolg sal word.

**22. Skoolbywoning en stiptelikheid**

- Elke leerder moet vanaf die jaar waarin hy/sy **sewe jaar oud word**, tot minstens **die ouderdom van 15 jaar**, of tot **die voltooiing van graad 9**, verpligtend skool bywoon (Artikel 3 van die Skolewet).
- Ouers/voogde is wetlik **verantwoordelik om toe te sien** dat hul kind ʼn skool bywoon soos vereis.
- Eerste klok: 07:20 – beweeg na voogklas.
- Tweede klok: 07:25 – reeds by voogklas.
- Leerder wat arriveer **tydens** voog- of toetsperiode – meld direk aan by die voogonderwyser.
- Leerders wat arriveer **na** voog- of toetsperiode – meld direk by die Ontvangs aan.
- Laatkommers wat nie aanmeld nie word afwesig gemerk.
- Na 3 geleenthede se laatkom ontvang ʼn leerder ʼn negatiewe vermelding.

**23. Skedule 1- en 2-oortredings ingevolge die Skolewet (84 van 1996)**

Ernstige wangedrag word beskou as skedule 1- en 2-oortredings soos uiteengesit in die Skolewet (wet 84 van 1996). Voorbeelde van sodanige gedrag sluit die onderstaande in, maar is nie daartoe beperk nie:

- Minagting van tugmaatreëls;
- Die gebruik/besit/onder die invloed van verbode middels bv. sigarette (tabak), elektroniese sigarette, alkoholiese drank, dwelmmiddels of middels wat tot bedwelming kan lei.
- Die gebruik/besit van verbode opkikkers, steroïde of tersaaklike chemiese stowwe daarop gerig om sportprestasie onregmatig te verbeter.
- Skuldigbevinding aan die gebruik van bostaande middels soos gelys in die vorige twee punte deur ʼn relevante sportbeheerliggaam soos bv. SARFU.
- Bakleiery, aanranding.
- Die besit van ʼn gevaarlike voorwerp/wapen.
- Seksuele wangedrag/molestering/teistering.
- Verbale geweld/vernedering/afdreiging.
- Die besit van pornografiese materiaal van enige aard (ook op selfoon of rekenaar).
- Diefstal/die besit van gesteelde goedere.
- Massa-optrede/ontwrigtende optrede/staking.
- Oneerlikheid en ongerymdheid in toetse/eksamens.
- Opsetlike saakbeskadiging/vandalisme.
- Satanisme; satanistiese leesstof of simbole.

Die hoof of die beheerliggaam kan te enige tyd addisionele skoolreëls neerlê.

**24. Skoolnaam, -wapen en -logo**

ʼn Oosie is lojaal en het respek vir sy/haar skool se naam (Hoërskool Oos-Moot, Oosies, Oos-Moot), skoolwapen, logo, en

- trek dit nie van die internet af nie;
- gebruik dit nie vir sy/haar eie doeleindes op sosiale media en ander platforms sonder die skriftelike toestemming van die skool nie.

**25. Snoepie / Handeldryf op die skoolterrein**

ʼn Oosie respekteer die reëls van die skool:

- Geen bedelary ("lassies" word nie gevra nie).
- Geen snoepiebesoeke tydens klastyd selfs nie op versoek van ʻn onderwyser nie.
- Die snoepie moet netjies gelaat word.

**26. Taalgebruik**

ʼn Oosie:

- Gebruik nie kru of onwelvoeglike taal nie.
- Spreek ander hoflik aan en groet vriendelik.

**27. Uittekenprosedure**

ʻn Oosie respekteer die skool en skoolreëls deur die

- skool se **verpligte** uittekenprosedure te volg voordat die skoolterrein verlaat word gedurende skoolure. (**Bladsy 2 van die leerderdagboek**)

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, dra die skool plig en verantwoordelikheid vir elke leerder se veiligheid vanaf die oomblik wat hulle op die skoolperseel arriveer totdat hulle die **terrein wettiglik** verlaat. Dit sluit die volgende in:

- Artikel 8A van die Skolewet − die instel van gedragskodes en veiligheids-maatreëls.
- Die Gelyke Onderwysregte-protokol en Departement van Basiese Onderwys se riglyne oor leerderveiligheid beklemtoon dat skole aanspreeklik gehou kan word indien ʼn leerder beseer word of verdwyn, tensy daar bewys is dat die skool redelike voorsorg getref het.

<u>Waarom die uittekenprosedure belangrik is</u>

- Is ʼn rekord van wie verantwoordelikheid neem vir die leerder oorneem, en wanneer.

- Dit beskerm die skool teen regsgevolge indien iets met die leerder gebeur nadat hy/sy sonder behoorlike uittekening die skool verlaat het.
- Voorkom ongemagtigde verwydering van leerders deur onbekende of ongemagtigde persone.

Belangrik
Ouers het NIE die reg om leerders lukraak by die skool te kom haal sonder toestemming en die vereiste prosedures te volg nie.
Die skool KAN en MÓÉT weier om leerders te laat gaan as die uittekenproses nie gevolg word nie — dit is ’n **wetlike vereiste** en **nie ’n opsionele beleid nie.**

**28. Verbode terrein**

Die volgende areas op die skoolterrein is vir ʼn Oosie verbode:

- klasse, saal en stoepe tydens pouse (tensy toestemming van ʼn onderwyser ontvang is);
- die kafeteria (gedurende klastyd)
- tussen motorvoertuie;
- Astro;
- fiets-/motorfietsloods;
- tydelike klasse – tydens pouses;
- eerste verdieping van die skoolgeboue;
- voorkant van die skool;
- noordelike pawiljoen;
- wes van die skoolgeboue.

**29 Verlaat van skoolterrein**

ʼn Oosie weet:

- Hy/sy mag die terrein slegs tussen 07:25 en 14:00 verlaat met die toestemming van die graadvoog en na afhandeling van die **uittekenprosedure** – selfs al kom ʼn ouer hom/haar haal.
- Die skool dra verantwoordelikheid vir die leerder se veiligheid, daarom moet ouers en leerders die **uittekenprosedure** volg.
- As die graadvoog nie beskikbaar is nie, kan toestemming by die **graadhoof** verkry word.

‘n Ywerige Oosie:

- Maak sover moontlik NIE dokters- of ander afsprake tydens skoolure nie.
- Verlaat nie die skool vir bestuurslisensie-afsprake tydens skoolure nie.

**30. Voorbereid**

ʼn Oosie:

- Bring skryfbehoeftes, handboeke en roosteritems skool toe.
- Gebruik ʼn skoon, gepaste tas (verkieslik blou/swart) met voldoende afskortings.
- Is verantwoordelik vir sy/haar eiendom.

**31. Voorkoms**

ʼn Trotse Oosie:

- Dra skooldrag en sportdrag, met trots en volgens die skool se voorskrifte waar die skool binne en buite skoolverband verteenwoordig word.
- Skooldrag wat nie aan die voorgeskrewe riglyne van die skool voldoen nie, mag deur die skool gekonfiskeer word.
- Dra geen sigbare tatoeëermerke wanneer hy in die skool se amptelike kleredrag of sportdrag geklee is nie.
- **Ondersteun alle sportaktiwiteite in amptelike skooldrag**.

**********************************************